21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Moses se gebed

## Deuteronomium 33:2-29

*Voor sy dood het Moses 'n seëngebed gebid. Dit bevat 'n rykdom van historiese en geografiese inligting. Agter die gebed lê 'n diep kennis van die onvergelykbare, versorgende God.*

*Dit beklemtoon dat gebed vir 'n gelowige eerstens 'n herontdekking van God is. Vertroue in God begin elke dag van voor af, asof jy dit nog nooit gedoen het nie.*

*Soos hierdie gebed van Moses vir ons 'n venster op die verlede gee, kan ons gebede vir ons 'n venster wees waardeur ons na die werklikheid om ons kyk.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*In die proses sien ons dinge soos dit regtig is, want ons weet God is verseker by ons.*

*(Bybel 24/7)*

# Moses se gebed

**Deuteronomium 33 is 'n gedig van seën oor die individuele stamme van Israel. Moses beskryf aspekte van die stam se karakter en wat die toekoms vir hulle inhou.**

***Vandag se uitdaging: Maak 'n lys van mense vir wie jy kan bid. Skryf die eienskappe van daardie persoon neer wat jy waardeer.***